higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3

(5050053)

8 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 12 bladsye.

400Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-O) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Om te leer en te verstaan	A	vakuum
1.2	’n Leë ruimte	B	uitdrukking
1.3	Gebaseer op algemene idees en nie ’n fisieke objek nie	C	aanspreekvorm
1.4	Dieselfde gevoelens wat deur mense getoon word	D	bemeester
1.5	Gebruikmaking van gesigs- en liggaamsbewegings om betekenis oor te dra	E	abstrak
1.6	Behoorlike manier om met iemand te praat	F	onderling
1.7	’n Sensitiewe senuwee-einde wat inligting kan ontvang	G	interpersoonlik
1.8	Iemand wat daarvan hou om tussen ander mense te wees	H	reseptor
1.9	Iemand wat verkies om op sy of haar eie te wees	I	onderhandeling
1.10	Om ná ’n gesprek ’n ooreenkoms te bereik	J	intrapersoonlik
1.11	Enigiets wat solied en werklik is	K	verdraagsaam
1.12	’n Onregverdige weersin in iets	L	konkreet
1.13	In staat op op jou eie reg te kom	M	vooroordeel
1.14	Om te kommunikeer en saam te werk	N	in interaksie tree
1.15	Om verskille te aanvaar	O	selfstandig

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Spady word as die vader van (UGO/Montessori) beskou.

2.2 UGO fokus op (leerders/studente) wat by die leerproses betrokke is.

2.3 ’n (Opvoeder/Administrateur) se taak is om leerders te ondersteun.

2.4 Ons gebruik die term (grade/standerds) om die verskillende skoolvlakke te beskryf en deurgaans konsekwentheid in die nuwe kurrikulum te verseker.

2.5 ’n (Sillabus/Leerprogram) is buigsamer en moedig aktiewe deelname aan.

2.6 (Vakke/Leerareas) word geïntegreer en elkeen skakel met die kritieke en ontwikkelingsuitkomste.

2.7 (Doelwitte/Uitkomste) lê die essensie van die konsep van kennis, vaardighede, waardes en gesindhede vas.

2.8 (Assessering/Evaluering) sluit in ’n verskeidenheid uitkomste vir leerders om na die volgende vlak te vorder.

2.9 (Formatiewe assessering/Basislynassessering) vind tydens leer plaas.

2.10 ’n Assessering wat aan die einde van die module gedoen word, staan bekend as (summatiewe/ basislynassessering).

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies EEN woord of term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

bevoeg; uitkoms; beste praktyke; inkorporeer; hervormer; versnel; kundigheid; manipuleer; sinvolheid; toepassing; kennis; sintese; analise; evaluering; begrip; mobiliteit

3.1 Die eindresultaat van iets

3.2 Kombineer of voeg in een ding saam

3.3 Wanneer iemand iets ken, verstaan en kan doen

3.4 Om iets op ’n praktiese manier te gebruik

Kopiereg voorbehou

3.5 ’n Persoon wat iets verander en verbeter

3.6 Om in staat te wees om iets in kleiner dele af te breek

3.7 Die effektiefste manier om iets te doen

3.8 Om vinniger te beweeg en te ontwikkel

3.9 Die vaardigheid en kennis op ’n bepaalde terrein

3.10 Om ‘n besluit oor die doeltreffendheid van iets te neem

3.11 Die vermoë om iets te beweeg of te verander

3.12 Kombinasie van twee of meer dinge om iets nuuts te skep

3.13 Om standaarde te verander om sommige mense te pas

3.14 Iets belangriks en wesenliks

3.15 Om iets in jou eie woorde te verstaan en te formuleer

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 ’n ... vaardigheid is ’n handeling wat behels dat ’n baba sy spiere gebruik.

A Kognitiewe
B Perseptuele
C Motoriese
D Affektiewe

4.2 Jy is ... wanneer jy noukeurig dink aan wat gebeur het.

A ontvanklik
B opmerksaam
C nadenkend
D voorspellend

4.3 ... ... versteurings hou verband met stemmings en gevoelens.

A Affektiewe
B Onthullende
C Deelnemende
D Emotiewe

4.4 Iemand wat nog nie ervaring van iets het nie, staan bekend as ’n ...

A amateur
B analis
C produktief
D responsief

4.5 ’n ... het slegs ja of nee vir ’n antwoord.

A Geslote vraag
B Oop vraag
C Tregtervraag
D Indringende vraag

4.6 Soms ... ’n span sy lede om aan almal blootstelling aan ’n uitdaging te gee.

A roteer
B immobiliseer
C staties
D bewegingloos

4.7 ’n ... persoon oefen beheer uit oor ’n ander persoon of situasie.

A Manipulerende
B Responsiewe
C Ontvanklike
D Belangstellende

4.8 ’n ... toestand is ’n langtermynsiekte.

A Chroniese
B Aandoening
C Klagte
D Infeksie

4.9 Jy behoort die skrywer van werk wat jy in ’n werkopdrag gebruik, ...

A toe te laat
B erkenning te gee
C saam te stem
D goed te keur

4.10 Jy ... wanneer jy redes vir iets gee.

A waak
B regverdig
C beskerm
D versterk

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Die internet is ’n nuttige leerhulpmiddel.

5.1.1 Stem jy saam met die bostaande stelling? (1)

5.1.2 Staaf die antwoord met DRIE voorbeelde. (3)

5.2 Alle leerders leer nie teen dieselfde tempo en tyd nie.

Gee redes waarom dit waar is deur DRIE voorbeelde te gee. (3 × 2) (6)

5.3 Lees die volgende scenario’s en identifiseer die alternatiewe benaderings tot leer, behalwe uitkomsgebaseerde en tradisionele onderwys.

5.3.1 Kinders word selfversekerd en gebruik al hul sintuie. Die omgewing is rustig, gestruktureerd en stimulerend.

5.3.2 In die eerste sewe jaar van die kind se lewe leer hulle deur middel van spel, nabootsing en herhaling.

5.3.3 Die omgewing word beskou as die derde onderwyser en kinders moet in staat wees om deur middel van ervaring te leer.

(3 × 2) (6)

5.4 Lees die volgende sinne en plaas elke sin onder die korrekte opskrifte. Teken die tabel en opskrifte in die ANTWOORDBOEK oor.

Fokus op uitsette. Staan ook bekend as tegniese onderwys. Onderwyser is middelpunt van die klaskamer. Moedig lewenslange leer aan. Fokus op handel. Dit is leerdergesentreerd. Onderwyser doen die meeste praatwerk. Fokus nie op akademiese vaardighede nie. Masjinale leer.

TRADISIONELE BENADERING	UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS	BEROEPSONDERWYS
•	•	•
•	•	•
•	•	•

(3 × 3) (9)

5.5 Noem die VYF sosiale vaardighede wat nodig is om in ’n groepsomgewing te funksioneer. (5)

[30]

VRAAG 6

6.1 Die probleemoplossingsmetode word suksesvol in die leeromgewing gebruik.

Gee TWEE idees om die bostaande stelling te staaf. (2 × 2) (4)

6.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mnr Sempe het besluit om ’n les oor die volgende onderwerp te doen: ’n Dag op die plaas. Sy onderrigmetode is rolspel.

6.2.1 Wat is mnr Sempe se belangrikste verantwoordelikheid tydens die les? (1)

6.2.2 Noem VYF stappe wat mnr Sempe kan volg sodat die rolspelsessie as ’n onderrigmetode suksesvol is. (5 × 2) (10)

6.3 Die manier waarop onderwysers hul lesse struktureer, kan ’n groot impak op die onderrig en leer uitoefen.

Stel VIER idees voor wat ’n onderwyser kan doen om die verlangde uitkomste te bereik. (4 × 2) (8)

6.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mev Tako beskou rolspel en eksperimentering as baie belangrik. Sy verkies dat al haar leerders probleemoplossers moet wees. Mev Tako maak seker dat elke kultuur in haar klaskamer in ag geneem word deur elke kind se agtergrond asook die verskillende kulture waaruit hulle kom, na te vors. Sy maak ook seker dat sy nuwe handboeke inkorporeer wat multikultureel is.

6.4.1 Uit die bostaande scenario, het mev Tako ’n sosiaal regverdige klaskamer geskep? (1)

6.4.2 Verduidelik die antwoord met DRIE voorbeelde uit die scenario. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 7

7.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Mev Louw verdeel haar klas in pare. Sy gee 'n stuk papier aan elke lid in die groep. Sy vra hulle om hul begrip van die term *kurrikulum* neer te skryf. Daarna moet hulle die papiere met hul spanmaats uitruil wat dan hul antwoorde nagaan.

7.1.1 Watter tipe assessering vind in die bostaande scenario plaas? (2)

7.1.2 Staaf die antwoord met TWEE voorbeelde uit die scenario. (2 × 2) (4)

7.2 Identifiseer die onderrigbeginsel wat in elke scenario hier onder verteenwoordig word en bevestig jou antwoord deur TWEE voorbeelde van elk van die scenario's te gee.

7.2.1 Mev Pedro koppel al haar onderrig en leer aan haar leerders se voorkennis en daarna vorder of beweeg sy geleidelik tot dit wat hulle nie weet nie.

7.2.2 Mev Reddy glo die huislewe en skoollewe behoort nou saam te werk. Hulle moet soortgelyke waardes en agtergronde hê. Wanneer die kind by die skool is, moet hy of sy nie in 'n ander persoon verander nie. Wat die kind tuis leer, moet 'n vertrekpunt van onderwys wees.

7.2.3 Mev Ngam glo dat selfs kinderspeletjies 'n vertrekpunt vir leer kan wees. Hulle kan leer sonder om daarvan bewus te wees. Sy glo lesse kan interessanter gemaak word deur groepspeletjies te speel wat op die leerstof gebaseer is.

7.2.4 Mnr Martins glo dat dit pret is om saam te leer. In sy klas laat hy dus leerders in pare of groepe saamwerk. Dit is vir hom belangrik dat leerders moet weet hoe om saam te werk en mekaar te respekteer.

(4 × 3) (12)

7.3 Identifiseer die onderrigmetodes in die volgende illustrasies.



https://www.tes.com/teaching-resource/

FIGUUR 1



https://ui-ex.com/explore/betaught-clipart-teaching-method/

FIGUUR 2

https://icountmethod.com/product/



FIGUUR 3







https://www.slideshare.net/

FIGUUR 4

(4 × 2) (8)

7.4

Mev Muller wil al haar leerders in die klas spesiaal laat voel, veral die leerders met spesiale behoeftes. Sy verdeel al haar take in klein eenhede sodat al haar leerders kan deelneem. Sy is baie geduldig en herhaal dikwels opdragte.

Uit die bostaande scenario, identifiseer TWEE maniere waarop mev Muller kinders met spesiale behoeftes in haar klas akkommodeer. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 8

8.1 Noem TWEE maniere waarop ’n onderwyser ’n kind kan help wat sukkel om aandag te gee. (2 × 2) (4)

8.2 Identifiseer die grondliggende waardes van die Grondwet wat in die volgende situasies uitgebeeld word.

8.2.1 By Kleinskool Primêr maak die skoolhoof seker dat daar elke dag ’n sopkombuis is.

8.2.2 In mnr King se klas voel die leerders baie gemaklik omdat hy hulle toelaat om hul gevoelens uit te druk.

8.2.3 Mev Aiken behandel al die seuns en dogters dieselfde in haar klas. Sy glo dat seuns en dogters dieselfde take kan uitvoer.

8.2.4 Mev Madat glo dat elke leerder dieselfde behandel behoort te word, ongeag hul kultuur, ras, geslag of agtergrond.

8.2.5 Dit is baie belangrik vir die skoolhoof van Mooiplaas Primêr dat elke leerder en onderwyser trots op hul skool sal wees en verantwoordelikheid sal aanvaar wanneer enigiets verkeerd loop.

(5 × 2) (10)

8.3 Mev Stella het besluit om groepwerk in haar klas te implementeer, veral vir die leerders met spesiale behoeftes. Sy het opgemerk dat hulle tydens besprekings gesels en hul menings gelug het. Hulle het ook die liggaamlike aktiwiteite geniet, omdat hulle met hul portuurs kon meeding. Selfs diegene met serebrale verlamming het die groepprojekte geniet omdat hulle met sand, water en vingerverf kon werk. Groepwerk het hulle deel van die klas laat voel, en nie geïsoleerd nie.

Uit die bostaande scenario, identifiseer VIER redes waarom groepwerk belangrik is vir kinders met spesiale behoeftes. (8)

8.4 Sosiale geregtigheid is baie belangrik.

Stel VIER maniere voor waarop die onderwyser sy of haar klaskamer kan versterk, veral wat rassisme en kulture betref. (8)

[30]

VRAAG 9

9.1 Identifiseer die komponente van die uitkomsgebaseerde kurrikulum in die volgende sinne. Staaf jou antwoord met ’n voorbeeld uit die sin.

9.1.1 Hierdie komponent is die leerresultate wat onderwysers van die leerders verwag – wat hulle behoort te ken en bereik.

9.1.2 Hierdie komponent verwys na die agtergrond en omstandighede van die leerders. Dit behoort ook die toestande in die skool te oorweeg.

9.1.3 Dit is wat leerders moet leer, en dit moet relevant wees vir die leerders se behoeftes aan verdere onderwys.

9.1.4 Dit verwys na verskillende maniere om leerders te lei om hul doel te bereik. Dit sluit onderrigmetodes en leerderaktiwiteite in.

9.1.5 Hierdie komponent verskaf die getuienis waarna die onderwyser op soek is om te besluit of die leerder genoeg vooruitgang gemaak het. Dit bestaan uit ’n reeks take.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

9.2 Lees die volgende stellings en identifiseer of dit ’n VOORDEEL of ’n UITDAGING van navorsing as onderrigmetode is. Skryf slegs ‘Voordeel’ of ‘Uitdaging’ langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

9.2.1 Dit is tydrowend

9.2.2 Sommige leerders vermeld nie hul bronne nie

9.2.3 Dit is oefening vir die regte wêreld

9.2.4 Leerders kan hul ouers by die aktiwiteit betrek

9.2.5 Dit is toepaslik vir die gemeenskap waaruit die leerders kom

9.2.6 Leerders kan toegang tot ontoepaslike data tydens hul navorsing kry

9.2.7 Onervare leerders het dalk geen idee waar om te begin nie

9.2.8 Die resultate van die navorsing kan onvoorspelbaar wees

9.2.9 Leerders leer hoe om op bestaande kennis voort te bou

9.2.10 Leerders kan die vaardigheid kortkom om hulself te bestuur

9.2.11 Onderwysers sal tyd hê om die leerders waar te neem

9.2.12 Navorsing is ’n ontdekkingsproses

(12 × 1) (12)

9.3 Noem VYF tipes onderrigmedia wat ’n onderwyser kan gebruik (5)

9.4 Gee DRIE algemene probleme met betrekking tot sosiale vaardighede wat onderwysers tydens spanwerk kan waarneem (3)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou